University of Pretoria etd – Smith, W J (2006)

# HOOFSTUK 6

# 'N KORRELERENDE UITGANGSWOORD

Die storie van mense se belewenis ten opsigte van verlies, is nooit een volledige storie nie. Mense se lewens bestaan uit 'n veelheid van stories oor hulleself, oor a(A)nder en oor die verhoudinge, soos byvoorbeeld die geloofsgemeenskap *waarbinne*, en God *voor Wie* hulle leef. Verhale kan nooit die volle rykdom van mense se lewens vasvat nie. Mense se stories van verlies is dikwels vol gapings (kyk Epston & White 1989:13-14). White (1989:39) beveel aan dat daar na alternatiewe stories gesoek word, ten einde die gapings in die verhaal aan te vul. So word unieke verhale tot stand gebring wanneer verstaan word dat mense se eie verhale binne 'n spesifieke konteks ontstaan het. Hierdie unieke verhale word gevind in die hoopvolle verhaal van die teenwoordigheid van Jesus Christus, wat transformerend met mense se lewensverhale omgaan.

Wanneer mense se lewensverhale gerekonstrueer word, bestaan die moontlikheid sekerlik dat die beswaar ingebring kan word dat mense en hulle vermoëns sentraal geplaas word. Hauerwas & Willimon (1989:85) antwoord hierop dat dit in die Bybel gaan oor God se wil vir mense se lewens. God werk anders-magtig in die lewe van mense. Mense wat van 'n selfgesentreerde lewenswyse, midde-in verlies bevry word tot 'n lewe in diens van God en ander, leef die teenwoordigheid van Jesus Christus hoopvol uit in 'n hooplose wêreld.

Die anders-magtige en teenwoordige God is altyd meer as die somtotaal van die potensiële Godsbeelde. Beide pastor en pastorant behoort in die simbolies-interaktiewe proses enkelvoudige Godsbegrippe te vermy. Godsbegrippe is geïntegreerd in die kommunikasieproses en funksioneer gewoonlik op 'n onbewustelike vlak by beide pastor en pastorant.

Waar God vanuit die onbewuste na die bewuste ver-beeld word. is rousmart 'n eskatologies-pneumatiese gebeure, waar vertroosting, genesing, bevryding, oorwinning en HOOP NÓÚ ervaar word. Hierdie eskatologies-pneumatiese gebeure is in die studie as emansipatoriese gebeure verstaan, deurdat God se teenwoordigheid by mense hulle alreeds hier en nou bevry vanuit hulle hooploosheid. Mense ervaar God se teenwoordigheid as die God wat altyd weer en altyd meer kan doen vir God se mense. God se teenwoordigheid is die *alreeds-hier-en-nou-bevryding*. Die hoopvolle bevryding uit hooploosheid loop uit op Jesus Christus se tweede koms, waar hoop oorloop in aanskouing.

Die ver-beeld-ing van God, uitgedruk in metaforiese taal, gee uitdrukking aan die wyse waarop mense hulle eie spiritualiteit voor God uitleef en die teenwoordigheid van God beleef. Die gebruik van Godsbeelde beklemtoon die teenwoordigheid van God wat daar is in die nood van mense. Godsbeelde wat deur die pastorant bewustelik in die rousmart uitgedruk word, dra daartoe by dat hy of sy opnuut weer God se "ja" vir sy of haar lewe hoopvol kan ervaar en oorvertel. Die gebruik van Godsbeelde, as metaforiese taal, kan mense se spiritualiteit (besef van God se teenwoordigheid), versterk word. Die wyse waarop die funksionering van Godsbeelde in rousmart 'n rol speel, kan nie as 'n eenvoudige en enkelvoudige saak afgemaak word nie. God, wat deur mense ver-beeld word in die soeke na hoopvolheid midde-in hooploosheid, word nie minder God nie. God is God. God is God vir mense. God is God by mense en ter wille van mense (kyk McFague 2001:19). Daarvan getuig die Bybel oor die Jesus-gebeure.

Die wyse waarop dit gekommunikeer word, is in hoofstuk 5 breedvoerig deur die gebruik van die narratiewe metode aangedui. Die stories van hooploosheid, wat die pastorant met die pastor deel, is *unieke, persoonlike en kosbare stories*. Dit vra dat die pastor *intens en empaties sal omgee* en betrokke sal wees by die storie. Hierdie intense betrokkenheid van die pastor vra dat hy of sy die pastorant in sy of haar ver-beeld-ing van God so sal begelei dat hulle te alle tye

op die uitkyk behoort te wees vir *unieke uitkomste*. Gevolglik sal die pastor voortdurend aan die pastorant vrae stel ten einde te bepaal watter *uitwerking en gevolge* die verlies wat gely is, op die *lewe en verhoudinge* van die pastorant gehad het. Tog behoort die pastor voortdurend in gedagte te hou dat:

> A new dialogue concerning unexpected and even undeserved aspects of life is opened with God. This is a conversation that is perhaps better left for the two individuals to complete. Our task as ministers is, at the least, to watch, and, at the most, to serve as impartial referee. Anything more rudely interrupts the conversation.
>
> Allen 1995:25

Die *doel* van hierdie studie was om aan te dui dat mense tydens verlies rou en dat rousmart 'n proses is waar mense op soek is na nuwe moontlikhede, in 'n poging om weer hoopvol te kan lewe ten spyte van die verlies wat hulle gely het. Daar is aangedui dat waar mense in die hier-en-nou van God se pneumatiese teenwoordigheid lewe, dit moontlik kan wees dat hulle hoopvol kan lewe. Die skrywer het in die studie aan die hand van metafore aangedui hoe God op 'n bewustelike vlak ver-beeld kan word, sodat rousmart 'n gebeure kan wees waar vertroosting, genesing, verryking, bevryding, oorwinning en HOOP NOU deur mense ervaar kan word. Hoop, soos in die Jesus-gebeure ver-beeld, is verstaan as hoop in die NOU, deurdat God se teenwoordigheid by mense hulle alreeds hier en nou bevry het vanuit hulle hooploosheid. Daar is aangedui dat hoop ontstaan wanneer daar gefokus word op die beloftes van God wat na my mening op grond van die teenwoordigheid van God ervaar kan word.

Hierdie doel is bereik in die lig van die *bevindings* waartoe daar in hierdie studie gekom is. Daar is aan die begin van hierdie studie die spreekwoord vermeld wat aandui dat "*waar daar lewe is, is daar hoop*" en die mening is uitgespreek dat mense nog nie daarin slaag om verlies eksistensieel te verwerk nie, omdat hulle

verstaan van hoop nog te sterk op eskatologiese perspektiewe gebou is. Derhalwe word hulle rousmart 'n noodkreet na hoop, aangesien hoop steeds vir mense iets is wat in die toekoms behoort te gebeur. Daar is in hierdie studie aangedui hoedat hoop oorvertel kan word as 'n werklike, hier-en-nou-reeds gebeure, ten spyte van en midde-in verlies. Hoop is verdiskonteer as die oomblik van die ervaring van God se teenwoordigheid midde-in verlies. Die spreekwoord soos hierbo gemeld, is verstel deurdat aangedui is hoe die Jesus-gebeure God se teenwoordigheid by mense hergeformuleer, sodat mense midde-in en ten spyte van verlies instaat kan wees om te sê: "[W]*aar daar hoop is, is daar lewe"*. Verder is die doel van hierdie studie bereik, deurdat daar *bevind* is dat rousmart omvangryk in die lewe van mense is wat verlies ly en dat dit 'n pynlike proses is wat van moment na moment deur hulle ervaar word. Daar is ook aangedui dat onverwerkte rousmart dikwels 'n hindernis op die weg na hoop kan wees. Die wyse waarop God metafories verbeeld kan word, asook die wyse waarop mense hulle storie(s) van verlies aan die hand van die narratiewe metode oorvertel, is aangebied as moontlikhede waarop die rouproses hoopvol verryk kan word. Daar is aangedui dat lyding en geloof nie los van mekaar staan nie en dat Christengelowiges wat ly, vanuit hulle geloof *in* God *na* God vra. Dit is in berekening gebring dat die wyse(s) waarop mense oor God dink, ook die beeld(e) wat hulle van God mag hê, beïnvloed. Die skrywer het gemeld dat God nie in beelde vaspen kan word nie en dat beelde iets van God se wil en wese uitdruk.

Die *bydrae* wat met hierdie studie gemaak is, is om deur die gebruikmaking van Godsbeelde en die narratiewe metode aan die pastorant perspektiewe te bied, sodat hy of sy 'n pad van bevryding vanuit hooploosheid kan stap en bemagtig kan word met die werklike hoop van die gekruisigde en opgestane Here Jesus Christus. Ten einde 'n hoopvolle toekomsverhaal te ontsluit vanuit die verduisterdheid van die verlede, is daar aangedui dat die pastor saam met die pastorant vra na die wyse waarop die pastorant God ver-*beeld* tydens verlies.

University of Pretoria etd – Smith, W J (2006)

Die pad wat die pastor met die pastorant deur die rousmart van verlies stap. is aangedui as 'n saam-soek na bevryding uit die hooploosheid van verlies. Op hierdie pad, wat vir Christengelowiges ook 'n pad saam met God is, is die onderskeie Godsbeelde wat by die pastorant onbewustelik figureer, bewustelik gestel. Godsbeelde wat eensydig in die rouproses funksioneer, kan nuut verbeeld word, ten einde hoop in Jesus Christus te bewerkstellig.

Om die *doel* met hierdie studie te kon bereik, moes ek myself posisioneer ten opsigte van onderskeie denkrigtings (*paradigmas*), *teorieë* en *perspektiewe*, ten einde in staat te kon wees om my *metode* van ondersoek uit te spel.

Daar is gewys op Zerfass wat vir die Praktiese Teologie 'n wending in *paradigma* en metodologie aangedui het en dat Habermas gewys het op die belangrikheid van die handelingswetenskaplike benadering vir die pastoraat, deurdat die pastorant nie meer net 'n aanhoorder is van dít wat die pastor aan hom of haar meedeel nie. Sodoende is daarop gewys dat die stories van mense oor hulle verlies, ook kommunikatiewe handelinge is wat gerig is op ontmoetings met mense, met die oog op verryking. Daar is voorts aangedui dat die Praktiese Teologie nie net geïntereseerd is in die blote handelinge van mense nie, maar ook in die *bedoeling* en *motivering*, die hermeneutiek, wat ten grondslag van die handelinge lê. Die betekenis wat dit vir hierdie studie gehad het, was om aan te dui dat daar belang gestel word in die *storie* van mense wat verlies gely het.

In die studie is daarop gewys dat daar met die verskuiwing van paradigma 'n groter interaksie ontstaan het tussen die teologie en die sosiale vakwetenskappe. Tog oordeel ek dat die evangelie steeds by die wisseling van paradigmas sentraal bly staan het. Aangesien ek van mening is dat 'n paradigma 'n raamwerk vir interpretasie bied, kon daar bepaalde *data* binne die raamwerk (paradigma) geïnterpreteer word. Die data waarmee in hierdie studie werk is, is verlies en Godsbeelde, ten einde vas te kon stel hoe Godsbeelde die rouproses hoopvol kan verryk.

Om data te interpreteer, maak ondersoekers gebruik van bepaalde *modelle*. Modelle wil die wisselwerking tussen teorie en praxis vlot laat verloop. Modelle funksioneer soos paaie of roetes tussen teorie en praxis. Daar is in die studie nie met 'n kwantitatiewe insameling van inligting gewerk nie, maar met 'n *kwalitatiewe ondersoekmodel,* aangesien die fokus geplaas is op die *pastorale bemagtiging en bevryding* van mense wat verlies gely het. In kwalitatiewe navorsing verskuif die navorser se posisie as buitestaander na 'n posisie van intersubjektiewe ingesteldheid van 'n binnestaander. Dit het die implikasie vir hierdie studie gehad dat dit die *perspektief* van die ondersoeker self was om *deelnemend betrokke* te wees by die raamwerk van interpretasie. Die ondersoeker het self by die rousmart van verlies in die binnekring gestaan van dié mense wat verlies beleef. In die geval van die studie is die groep mense wat verlies beleef het en hoopvol bevry wil, gereken as Christengelowiges binne 'n geloofsgemeenskap.

Daar is nie in hierdie studie die keuse uitgeoefen vir die gebruik van 'n spesifieke model nie. Daar is wel besluit om voorkeur te hê vir die narratiewe benadering. Daar is egter nie van die komprehensiewe narratiewe benadering gebruik gemaak nie. Met behulp van die *narratiewe metode* het ek aangedui dat die pastorant begelei kan word om sy of haar storie te verryk en hoopvol te vertel van God se teenwoordigheid en betrokkenheid midde-in verlies. Deur van die narratiewe metode gebruik te maak, is aangedui dat daar nie bloot op die handelinge van mense gekonsentreer word nie, maar dat daar gesoek word na die bedoeling en motivering wat sodanige handelinge ten grondslag lê.

Op grond van verskillende teorieë, bestaan daar ook verskillende epistemologiese benaderings. Die keuse van teorie lei uiteindelik tot die keuse van metode. Teorie en praxis kan nie geskei word nie en uiteindelik is teorie niks anders nie as 'n teorie van die praxis, sodat daar altyd 'n sirkulêre beweging tussen praxis-teorie-praxis sal wees. Daar gekies word vir 'n *emansipatoriese*

*benadering*, omdat ek van oordeel is dat hierdie benadering die beste geleentheid kan bied aan mense wat verlies gely het, om deur 'n bewusmakingsproses van God se teenwoordigheid, vrygemaak te kan word van hooploosheid. Daarom is selektief afskeid geneem van die hermeneutiese teorie, sodat die insigte van die emansipatoriese teorie aan die hand van die narratiewe metode van toepassing gemaak kon word.

Teorieë vloei voort uit 'n paradigma. Teorieë is egter minder abstrak as 'n paradigma. Die teoretiese uitgangspunt wat in hierdie studie gefigureer het, is dié van *simboliese interaksie*. Hierdie vorm van ondersoek berus op die aanname dat objekte, mense, situasies en gebeure op sigself nie betekenis het nie, maar dat betekenis aan hulle toegeken word. In die lig daarvan dat simboliese interaksie een van die teorieë van kwalitatiewe ondersoek is wat algemeen in die sosiale wetenskappe gebruik word, is dit een van die redes waarom daarvoor in hierdie studie gekies is. Daar is aangedui hoedat simboliese interaksie te doen het met die *waardes* van 'n geloofsgemeenskap. Die betrokkenheid van individue by mekaar, die wyse waarop waardes uitgeruil, geëvalueer en herbevestig word, en die manier waarop die betrokke waardes leiding aan 'n gemeenskap gee, het alles te doen met die wyse waarop 'n gemeenskap op 'n simboliese wyse betekenis aan hulleself verleen. Volgens die teorie van simboliese interaksie deel pastor en pastorant, en ook die lede van 'n geloofsgemeenskap spesifieke *waardes*. Pastor en pastorant staan in 'n simbolies-interaktiewe verhouding tot mekaar. Daar is aangedui hoedat die sosiaal interaktiewe wêrelde van mense opgebou en gestruktureer word deur simbole. Beeld- en simboletaal was vir hierdie studie die middele waaarmee die pastorant begelei kon word om op die pad na hoop, in ontmoeting met God te tree. Simbole gee betekenis. Simbole word deur mense gedeel en verbind mense aan mekaar. Simbole herbevestig hoop.

Die keuse vir die simboliese interaktiewe teorie het gelei tot 'n bepaalde *perspektief* van waaruit die probleem van hooploosheid midde-in rousmart

University of Pretoria etd – Smith, W J (2006)

benader kon word. Aangesien die *perspektief* wat in hierdie studie gestel is, op die *deelnemede betrokkenheid* van mense binne die konteks van verlies berus, het ek gemeen dat die kwantitatief-empiriese model nie dienlik sou wees nie. Dit het nie gegaan om die versameling en interpretasie van data nie, maar eerder oor pastorale bemagtiging van mense wat verlies gely het en daaroor rou. Die doel van die ondersoek was om mense te begelei en te bemagtig sodat hulle gedrag, emosies en ervaring tydens die rousmart van verlies hoopvol met God se teenwoordigheid kan inklee.

Ek meen dat daar 'n bepaalde *leemte* in die bestaande navorsing gevul is, deurdat hoop aangedui is as mense se soeke midde-in verlies, om vandag reeds in die verwagting te lewe van die môre wat op pad is, aangesien hulle in hulle hoop fokus op die belofte van God se teenwoordigheid. Daar is aandag gegee aan die onderskeie fases van rousmart en uiteindelik gekies om te praat van die *momente* waaraan die rouproses gekenmerk word. Daar is aangetoon dat die *moment van depressie* in die rouproses 'n punt van gevaar is, aangesien mense in 'n hooploosheid kan verval. Derhalwe is daar heelwat aandag gegee aan die depressie van rousmart.

Die moontlikheid is uitgewerk waarop Godsbeelde in verlies mense kan verryk. Deur metaforiese taalgebruik van Godsbeelde is aangedui hoedat die rouproses aan die pastorant geleenthede kan bied om bevrydend ten spyte van die verlies te lewe. Deur God in die rouproses te ver-beeld as God wat teenwoordig is by mense, is aangedui hoedat die pastorant kan soek na moontlikhede sodat hoop sinvol en verrykend belewe kan word binne 'n konteks van dít wat oënskynlik hooploos gelyk het.

Daar is aangedui dat Godsbeelde op so 'n wyse in die rouproses geïntegreer kan word dat mense in rou bemagtig kan word om hoop te belewe, selfs al sou dit teen alle hoop in wees. Die konteks waarbinne Christengelowiges rou, is

aangedui as die *communio sanctorum,* 'n verkondigende en dienende geloofsgemeenskap.

Die *relevansie* van die ondersoek blyk te wees dat die rousmart van verlies ontknoop is as wins en verryking, ten spyte van verlies, deurdat God altyd en anders by mense teenwoordig is, sodat mense op 'n outentieke wyse God se teenwoordigheid kan hier-en-nou kan beleef. Sodoende behoort die pastorant God se teenwoordigheid as hoopvolle seën, as 'n werklikheid te ervaar en te aanvaar, wanneer hy of sy bid:

> Die genade [GELOOF/teenwoordigheid] van die Here Jesus Christus en die [emansipatories-empatiese en mee-lydende] LIEFDE van God en die gemeenskap [troosvolle HOOP] van die Heilige Gees, sal by julle almal wees [word as werklike realiseerde hoop in die NÓÚ aan jou vertel, sodat jou lewe daardeur hoopvol verryk kan word].
>
> (2 Kor 13:13)